RubberSteWeLdaNS

In engels: Gumboot dancing

Rubbersteweldans het ontstaan in die Goudmyne van Suid-Afrika, meer as ‘n eeu gelede. Die mynwerkers is nie toegelaat om met mekaar te gesels nie. Indien hulle probeer gesels het, is swaar straf toegepas.

Hul uniform het bestaan uit: ‘n Langbroek, geen hemp, ‘n “bandana” om die sweet te absorbeer en rubberstewels. Hulle moes ook ‘n veiligheidshelm op hul koppe gedra het.

Die mynwerkers het die geluid van die rubberstewels wat op die grond stamp, asook die geluid van hande wat klap, gebruik en ‘n tipe “morsekode” ontwikkel waardeur hulle kon kommunikeer sonder dat die wagte en offisiere kon verstaan. Hulle het ook die doppies van bierbottels geryg en om hul enkels vasgemaak om die geluid van klokkies na te boots.

Van die danspassies en liggaamsperkussie wat deel gevorm het van hierdie “kode”, het spot gedryf met die bewegings en liggaamshouding van die offisiere en wagte.

En vandag?

Rubbersteweldans word vandag wêreldwyd beoefen as ‘n ekspressiewe dansvorm.

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Johnny Clegg, gebruik dikwels hierdie dansvorm in sy musiekkonserte.

Paul Simon, ‘n Amerikaanse kunstenaar, is so deur rubbersteweldans geïnspireer, dat hy ‘n besoek aan Suid-Afrika afgelê het, waarna hy die liedjie “Gumboots” op sy CD “Graceland” ingesluit het.